kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 476

'n Vaste burg is onse God,
ons skuil in Hom, die sterke.
Hy is 'n vesting in die nood
vir ewig staan sy werke.
Al kom die Bose aan
in sy oorwinnaars-waan,
ons weet by al sy lis,
sy lot is reeds beslis
God self stel aan hom perke.

Gord ons met eie krag ons aan
dan is die stryd verlore.
Oorwinning is alreeds behaal
deur Een daartoe verkore.
Vra u sy Naam, so weet
dat Hy die Christus heet;
gaan Hy voor in gevaar,
Heer van sy leërskaar,
nooit is die stryd verlore!

Woorddiens

Tema: Ewigheid, sterflikheid, geborgenheid en genade

Skriflesing: Psalm 90

Broodjies vir die pad

"The Reformation was an attempt to put the Bible at the heart of the Church again--not to give it into the hands of private readers. The Bible was to be seen as a public document, the charter of the Church's life; all believers should have access to it because all would need to know the common language of the Church and the standards by which the Church argued about theology and behaviour. The huge Bibles that were chained up in English churches in the sixteenth century were there as a sign of this. It was only as the rapid development of cheap printing advanced that the Bible as a single affordable volume came to be within everyone's reach as something for individuals to possess and study in private. The leaders of the Reformation would have been surprised to be associated with any move to encourage anyone and everyone to form their own conclusions about the Bible. For them, it was once again a text to be struggled with in the context of prayer and shared reflection."
— Rowan Williams, Tokens of Trust

Rowan Douglas Williams, Baron Williams of Oystermouth, is an Anglican bishop, poet, and theologian. He was Archbishop of Canterbury from December 2002-2012, and is now Master of Magdalene College, Cambridge and Chancellor of the University of South Wales.

◆◆◆

The first wall attacked by Luther was the idea that popes, bishops, monks, and priests are spiritually superior to laity. His view was that all Christians belong to the same spiritual estate by virtue of their baptism and faith. These alone grant entrance into the kingdom of God. This was an early version of what came to be known as the "priesthood of all believers." Luther demolished the second wall when he rejected the Roman assertion that only the pope has the right to interpret Scriptures. Luther strongly emphasized that laypeople have the right to read and interpret the Scripture for themselves. The third wall torn down was the claim that only the pope could summon church councils. Luther reminded his German readers that the emperor, not the pope,"
— John D. Woodbridge, Church History, Volume Two: From Pre-Reformation to the Present Day: The Rise and Growth of the Church in Its Cultural, Intellectual, and Political Context

◆◆◆

"For the humanists, whatever authority Scripture might possess derived from the original texts in their original languages, rather than from the Vulgate, which was increasingly recognized as unreliable and inaccurate. In that the catholic church continued to insist that the Vulgate was a doctrinally normative translation, a tension inevitably developed between humanist biblical scholarship and catholic theology...Through immediate access to the original text in the original language, the theologian could wrestle directly with the 'Word of God,' unhindered by 'filters' of glosses and commentaries that placed the views of previous interpreters between the exegete and the text. For the Reformers, 'sacred philology' provided the key by means of which the theologian could break free from the confines of medieval exegesis and return ad fontes to the title deeds of the Christian faith rather than their medieval expressions, to forge once more the authentic theology of the early church."
— Alister E. McGrath, The Intellectual Origins of the European Reformation

◆◆◆

"(1524), Luther indicated that "a city's best and greatest welfare, safety, and strength consist rather in its having many able, learned, wise, honorable, and well-educated citizens." To train such citizens, he recommended they receive a classical liberal arts education and instruction in Hebrew and Greek so that they could study Holy Scripture with diligence. With this education in hand, students would be well prepared to assume their role as competent Christian citizens to serve the church and state."
— John D. Woodbridge, Church History, Volume Two: From Pre-Reformation to the Present Day: The Rise and Growth of the Church in Its Cultural, Intellectual, and Political Context

◆◆◆

Kom ons kyk hoe ons kan ooreenstem

Willem Fransman Jr.

'n Week of wat gelede het ons oom Nicklaas Adams van Ravensmead begrawe.

Hy was alombekend as oom Nicky of Uncle.

Oom Nicky was ’n Morawiër in murg en been en baie lief vir koorsing. ’n Man wat sy lewe deur die kerk gelewe het.

Al by die huisdiens kon ’n mens agterkom dat oom Nicky ’n groot invloed op sy dorpie en sy inwoners se lewens gehad het. Behalwe vir sy eie gesin en húl families, was daar verskeie gesinne van sy geboortedorp, Wittewater, anderkant Piketberg, teenwoordig.

Op die Kaapse Vlakte, maar glo my ook op enige dorpie, sal bure en vriende, selfs jeugvriende, van heinde en verre kom om vir oulaas hulde te bring aan ’n gevalle vriend en makker.

En moenie praat van die geleentheid om ’n slaggie jou beste klere uit die klerekas af te stof nie! Wel, oom Nicky se begrafnis was dan ook geen uitsondering nie.

Dis dan by totsiens-sê-geleenthede soos hierdie dat mens se gedagtes wye paaie met jou loop.

Toe die begrafnisbrief in my hand gedruk word, merk ek dadelik op dat daar verskeie vroue as slippedraers aangewys is. Volgens ’n destydse Xhosa-kollega is so iets ongehoord by hulle.

“Nee,” sê hy, “volgens my mense se tradisie bring jy ’n verskriklike oordeel oor die oorlewende familie as jy so iets doen.” Volgens hom is die vroue se primêre taak slegs om die liggaam te was, “uit te lê” en dan die doodskleed aan te trek. Dan word hul taak met die ontslapene as afgehandel beskou.

Maar vir oom Nicky se agtergeblewenes was dit ’n louter plesier en laaste eer om hom na sy laaste rusplek te help dra.

Onwillekeurig het ek ook aan ons Moesliem-broers en -susters gedink. Ook hul begrafnisrituele is nie altyd bekend aan ons nie. By hul begrafnisse ook dra slegs mans die kis. En Moesliems word op dieselfde dag van hul dood ter ruste gelê.

In die kerk het eerwaarde Willem Valentyn ’n roerende lewenskets van oom Nicky voorgedra. Hy het ’n woordportret geskilder wat hy saam met ouma Loun, oom Nicky se weduwee, opgestel het. Treffend word oom Nicky se lewe opgesom:

“As kind was oom Nicky bevoorreg om elke oggend deur die voëltjies wakker gemaak te word. ’n Ander voorreg was om oor die Bergriviervallei te kyk. Hy het die beskerming van ’n geslote gemeenskap, dié van Wittewater-sendingstasie, geniet. En die Morawiese Kerk en sy kerklike meelewing het ’n blywende rol in sy opvoeding en karakterbou gespeel.”

Hoeveel weet ons werklik in hierdie mooi en wye en droewe land van mekaar se begrafnisrituele? Om nie eens van godsdienstige gebruike en rituele te praat nie?

Hoeveel keer het ons ons nie al betrap dat ons selfs neerhalend praat of optree juis omdat ons nie begrip vir mekaar se agtergronde en komvandaan het nie? Die tyd het aangebreek dat ons die ekstra kilometer met alle mede- Suid-Afrikaners moet loop.

Ons almal – wit, swart en bruin – werk deesdae skouer aan skouer. Tog kén ons nie mekaar se kulture en gebruike nie. Of is dit maar ’n kwessie van onbekend maak onbemind?

Ná die begrafnis was daar ’n fees in die kerksaal. En die tradisie om aan mense iets te ete aan te bied, kom ook al ’n lang pad. Dit is eintlik maar net bedoel vir hulle wat van ver kom, sodat hulle innerlik versterk kan wees vir die lang terugtog.

Maar soos mense deesdae begroot, lyk dit asof dit vir ’n dorpstroue gedoen word.

En nee, daar was nie ’n “drinkhoekie”, soos ons nou al daaraan gewoond geraak het op die Vlakte, by uncle Nicky se begrafnis nie. Dit was immers op die kerkgronde.

Maar volgens my Xhosa-vriend het hulle ook drinkhoekies by die huis, maar dis net vir manne. Ironies is dit nogal die vroue wat die beste biermakers van hul gemeenskappe is.

Maar as ons in lewe nie kan saamleef nie, lê die antwoord dalk in die dood. Dalk het ons dáár ’n gemeenskaplikheid, iets soos ’n gedeelde faktor in ons geskille. ’n Mens kan maar net wonder.

** Fransman is voorsitter van die Afrikaanse Skrywersvereniging*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/kom-ons-vind-ons-gemeenskaplikheid-20171024

Brood vir die pad

Solank ons nog kan uitroep, is daar hoop iemand hoor

In die 1890’s skilder die Noorweër Edvard Munch vier weergawes van ’n werk bekend as *The Scream*. In sy dagboek skryf hy dat die inspirasie hiervoor gekom het toe hy en twee vriende met sonsondergang gaan stap het.

Die lug het skielik bloedrooi geword. Sy vriende het aangestap, maar hy het bly staan, doodmoeg en bewend van angs. Dit was vir hom asof ’n oneindige kreet deur die natuur geklief het.

Munch se werk – wat ’n figuur op ’n brug se gepynigde en geluidlose skreeu teen die agtergrond van ’n onheilspellende oranjerooi hemel verbeeld – het ’n ikoniese kunswerk geword

Dalk is die rede dat dit op ’n manier ’n heenwysing bied na die tallose krete van pyn en angs wat in die 20ste eeu met sy wêreldoorloë, mense-uitwissings en stelsels vir politieke en ekonomiese onderdrukking en ongeregtigheid sou opklink.

Waarskynlik identifiseer ons deesdae nog met die kunswerk omdat ons in die figuur se angsvolle skreeu iets van ons eie krete en uitroepe herken.

In die lig van die 500-jarige herdenking van die Reformasie vind daar onlangs ’n konferensie met die tema “Crying for Life: Reformation Today” plaas. Die tema sluit aan by ’n aantal Afrika-teoloë se aanvoeling dat die hart van die teologie, wat vanuit die Reformasie ontwikkel het, oor ’n kreet om lewe, vryheid en bevryding gaan

Spreker ná spreker praat oor hoe die kreet om lewe in ons dag opnuut vanaf die marges van die samelewing en die onderkant van die geskiedenis opklink. En dit laat ons met die vraag: Hoor ons hierdie uitroepe en krete om lewe?

Een spreker vertel van ’n besoek aan ’n kinderhuis in ’n arm land waar meer as 50 babas versorg word. Wat haar dadelik getref het, was die vreemde stilte wat geheers het. Die oppasser verduidelik dat weens die gebrek aan personeel en geld kan hulle nie in al die basiese behoeftes van die babas voorsien nie. Uiteindelik het die babas opgehou huil omdat niemand hulle meer hoor nie.

Dit word vir die spreker ’n simbool van volslae uitsigloosheid. Solank ons nog uitroep, is daar immers weerstand en hoop. Ons leef in die hoop dat iemand ons hóór.

’n Ander spreker verwys na Calvyn se kommentaar op die uitroep in Habakuk 2:6: “Hoe lank sal dit nog voortduur?” Calvyn skryf dat dié kreet deur die Here gehoor word. En hy voeg by: “Dit is asof God homself hoor wanneer hy die krete en versugtinge hoor van hulle wat nie meer die ongeregtighede kan verdra nie.” – RRV

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/solank-ons-nog-kan-uitroep-is-daar-hoop-iemand-hoor-20171020

◆◆◆

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877